

West Coast Resources

WIELE IS AAN'T ROL BY WEST COAST RESOURCES

West Coast Resources het flink die pas opgetel sedert dit verlede jaar met mynboubedrywighede begin het. Die maatskappy bou tans hierop voort om waarde vir belanghebbendes en volhoubare ekonomiese voordele vir die streek te skep.

Teen einde Oktober is 235 permanente poste geskep en 21 deeltydse werknemers was in diens as gevolg van die maatskappy se bedrywighede. West Coast Resources beplan om teen 2020, direk en indirek, ongeveer 680 poste te skep.

Plaaslike inwoners vanuit die nabygeleë gemeenskappe van onder meer Kommagas, Kleinsee, Nababeep, Concordia, Okiep, Koingnaas, Buffelsrivier, Hondeklipbaai en Soebatsfontein, maak 75% van alle West Coast Resources werknemers uit; 34% van die personeel is 25 jaar oud of jonger en 18% is vrouens.

Die eerste fase van die maatskappy se leerlingopleidingsprogram het gelei tot die permanente indiensneming van 21 jeug. Die tweede fase is tans in bedryf en 22 jong plaaslike matrikulante met geen werkservaring is gekies om aan die program deel te neem. Vyf van hierdie matrikulante is reeds permanent aangestel, terwyl die orige 17 die einde van hul opleidingsperiode nader, waarna hulle ook vir permanente indiensneming ge-evalueer sal word.

Meer as 5 500 CV's is tot op datum deur die Menslike Hulpbronne-departement ontvang en in die West Coast Resources-kandidaatdatabasis vasgelê. Hierdie aansoeke word outomaties vir toekomstige betrekkinge oorweeg.

Die maatskappy se Maatskaplike en Arbeidsplan is vir goedkeuring ingedien by die Departement van Mineraalhulpbronne. Die Plan sal oor 'n tydperk van vyf jaar uitgevoer word en sluit projekte in wat fokus op onderrig, werkskepping en gesondheidsdienste.

West Coast Resources se speelprojek is in volle swang met 'n parkie in Hondeklipbaai wat reeds voltooi is. Parkies vir die omliggende gemeenskappe van Kommagas, Buffelsrivier en Soebatsfontein sal binnekort volg. Internetkafees is ook in hierdie dorpe op die been gebring.

Die maatskappy se beursprogram het onlangs afgeskop. Beursaansoeke is aangevra van die plaaslike jeug ter ondersteuning van dié wat in die 2017 akademiese jaar by 'n geakkrediteerde universiteit, kollege of tegnikon ingeskryf is.

Die Namasci-projek, wat deur Universiteit Stellenbosch aangebied word, het met die maatskappy se ondersteuning hierdie jaar drie maal leersessies by Hoërskool Namakwaland in Springbok aangebied. In April, Junie en Oktober het Graad 10-, 11- en 12-leerders vanaf regoor Namakwaland addisionele onderrig in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe ontvang en onderwysers het ook opleiding ontvang as deel van die projek.

Met die afsluit van 'n produktiewe jaar wil die maatskappy sy werknemers, belanghebbendes en gemeenskapslede bedank vir hulle ondersteuning. Die maatskappy wens ook elke Namakwalander 'n veilige en geseënde vakansieseisoen toe.

Vir nadere inligting rakende West Coast Resources, besoek gerus die maatskappy se webwerf by www.westcoastresources.co.za



Die speelparkie in Hondeklipbaai het menige jong aanhanger.